Strandvernuf

"Hulle sê die paradysvoël kom sit net op 'n hand wat oop is en uitgestrek word na ander."
- John Berry

Doelwit: *Om die Verkenner die vaardigheid aan te leer om homself met vertroue by die see te handhaaf.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Die spesialisasie bied aan die Verkenner die geleentheid om kennis aangaande die seelewe op te doen wat hy in die toekoms kan gebruik om homself met vertroue by die see te handhaaf. Deur die bewaring van die land se seelewe voer ons as Voortrekkers dan ook die kultuuropdrag van God uit. Die voltooiing van die spesialisasie ondersteun dus die Verkenner in sy burgerskap en Christenwees.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Minstens 5 dae aaneenlopend	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan slegs afgehandel word tydens 'n kamp by die see wat minstens **vyf** dae aaneenlopend duur. • Ten minste **drie** dae word met minimum geriewe langs die see deurgebring.		
Toekennings instansie:	Gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met:*
   - *1.1 Die klimaatsfaktore wat 'n goeie en veilige verblyfplek langs die see bepaal.*
   - *1.2 Verskillende tipes skuilings.*
   - *1.3 Die invloed van die mens se verblyf langs die see en die invloed op die ekosisteem.*
   - *1.4 Sanitasie en gepaardgaande persoonlike higiëne.*
   - *1.5 Die opsporing van onder- en bogrondse waterbronne.*
   - *1.6 Die gevare, identifisering en behandeling van siektes veroorsaak deur die gebruik van onsuiwer water.*
   - *1.7 Die suiwering van water.*
   - *1.8 Metodes om eetbare seekos te bekom.*
   - *1.9 Die onderskeid tussen eetbare en nie-eetbare seekosse.*
   - *1.10 Die verskillende tipes vure en hul gebruike (bv. rooklose vure en rookvure – op nat grond of in 'n gat met die oog op rook of droog van voedsel).*
   - *1.11 Die impak van die neem van kos uit die see op die plante- en dierelewe (versteuring van die ekostelsel).*
2. *Die volgende doen:*
   - *2.1 'n Doelmatige skuiling bou met voorsiene materiaal en dit na benutting afbreek en opruim.*
   - *2.2 Visvanggereedskap vervaardig, byvoorbeeld 'n visstok of spies (met voorsiene materiaal).*
   - *2.3 Seewater distilleer deur slegs van plaaslike hulpmiddels gebruik te maak.*
   - *2.4 Binne **drie** uur soveel voedsel- en waterbronne as moontlik identifiseer en op 'n kaart aandui (dit moet binne **een** uur loopafstand bereik kan word).*
3. *Ten minste **drie** dae onder toesig van 'n offisier met die minimum geriewe langs die see deurbring en die volgende doen:*
   - *3.1 Minstens **een** maaltyd wat uit vis en/of skulpdiere en/of seeplante bestaan, by sy skuiling voorberei (sonder om die wet te oortree).*

3.2 Sodanig langs die see beweeg dat energie- en waterverlies tot 'n minimum beperk word.
3.3 Kan rigting hou met behulp van die sterrebeelde en/of natuurlike bakens.
3.4 Naggeluide herken wat as waarskuwingstekens dien.
3.5 Basiese spoorsny kan toepas.
3.6 Eenvoudige onderlinge kommunikasiekanale kan improviseer.
3.7 Noodseine en nooduitrusting kan gebruik.